

1. 'n Nuwe opleidingskursus.

In 1921 is 'n nuwe eenjarige opleidingskursus vir kindertuinonderwyseresse ingestel. In 'n kennisgewing in die Onderwysgaset van 10 Maart 1921 word die aandag van belanghebbendes spesiaal op die leerplan gevestig en word daarop gewys dat die nuwe kursus vir onderwyseresse van sowel standard I as die substanderds bedoel is. Wat beoog word, is om onderwyseresse op te lei wat bevoeg sal wees om alle skoolvakke op 'n deeglike wyse te onderrig en om elke gedeelte van die skoolwerk interessant te maak, sodat daar by die leerlinge aan die begin van hul skoollewe 'n begeerte gewek sal word om te leer en om so vinnig moontlik te vorder.

In bogenoemde kennisgewing word die hoop uitgesprek dat alle kleinkinderskole binne afsienbare tyd oor die dienste van onderwyseresse sal beskik wat of die nuwe Kindertuininsertifikaat of die ou Hoër Kindertuininsertifikaat sal besit. Daar word egter bygevoeg dat die eksamen vir die bestaande Hoër Kindertuininsertifikaat aan die einde van 1921 vir die laaste keer afgeneem sou word.<sup>1)</sup>

Mej. C. Drake, een van die kindertuininstruktrises, meld in haar 1921-verslag dat daar by die onderwyseresse 'n gretigheid te bespeur is om nuwe metodes te verstaan en toe te pas. Volgens haar is hierdie goeie grotendeels aan die nuwe leerplan te danke.<sup>2)</sup> Dit is veral ten opsigte van individuele werk deur die leerlinge dat mej. Drake in 1921 vordering opgemerk het en aan die einde van die volgende jaar rapporteer sy dat daar in byna al die skole 'n gestadige verbetering met betrekking tot metodiek plaasgevind het. Sy skryf dit daaraan toe dat die

---

1) Die Onderwysgaset, 20:965, 10 Maart 1921.

2) S.G.O.-verslag, 1921, p. 86.

onderwysersesse die nuwe rigting in die onderwys, waarvolgens die klem meer op die individu as op die klas val, beter verstaan.<sup>3)</sup>

## 2. Die werk in kleinkinderskole.

In die vroeë twintigerjare het die Onderwysdepartement dikwels voorligting verskaf aangaande die wyse waarop die werk in kleinkinderskole ingedeel behoort te word, asook die metodes wat met die meeste vrug toegepas kan word.

In die Onderwysgaset van 10 Maart 1921 verskyn daar 'n lang artikel met wenke oor kindertuinonderwys. Nadat daarop gewys is dat kindertuin nie 'n vak is nie, maar 'n metode, en Froebel se gebruik van die woord „Kindergarten” verduidelik is, word onder andere die volgende behandel: die waarde van handwerk; die gebruik van konkrete leermiddels, veral by die onderrig van getalwerk; die waarde van natuurstudie om die sintuie en die waarnemingsvermoë van kinders te oefen; die aanwending van verhale, natuurstudie en selfs handarbeid en spelletjies by die ontwikkeling van taalvermoë (praat, lees en skryf); die noodsaaklikheid van kort onderbrekings vir spelletjies, sang en liggaamsoefeninge. Ten slotte word die opvatting van sommige onderwysers dat kinders wat die kindertuin-werksaamhede leer, agter is in hul gewone skoolwerk, weerlê; die werksaamhede moet net volgens die bevattingsvermoë van die kind gekies word om die sintuie te oefen en die verstand te ontwikkel.<sup>4)</sup>

'n Paar jaar later verskyn daar in die Onderwysgaset 'n artikel deur mej. Drake oor ontwikkelinge in verband met kleinkinderonderwys. Sy beklemtoon die waarde wat aan selfwerksaamheid gehog word: die kindertuinonderwyserses moenie alles vir die kinders wys of vertel nie; sy is eintlik net 'n gids wat aan die leerlinge geleenthede

3) S.G.O.-verslag, 1922, p. 129.

4) Die Onderwysgaset, 20:965-967, 10 Maart 1921.

verskaf om te leer en wat sake só reël dat elke kind op sy eie manier en teen sy eie snelheid vorder. As dít gebeur, word daar by die kinders inisiatief, onafhanklikheid, bedagsaamheid en selfbeheersing ontwikkel. Die kleinkinderskool-tydperk is noodsaaklikorwys die tyd wat bestem is om kinders die tegniek van lees, skryf en reken te leer; gevolglik het individuele verrigtinge gewoonlik op een of ander vorm van lees, skryf of reken betrekking. Daar behoort nie 'n onderbreking te wees tussen die kleinkinderskool en die laerskool nie, aangesien die vooruitgang „slegs 'n ontwikkeling van krag en 'n geleidelike verruiming van blik is.“<sup>5)</sup>

Kort nadat dr. W.J. Viljoen in 1918 diens aanvaar het as S.G.O., het hy begin met wat hy „speeding up“ genoem het, d.w.s. om 'n kind in een jaar deur die twee substanderds te druk.<sup>6)</sup> Sewe jaar later veroordeel mej. E. Tismer, een van die kindertuininstruktrises, hierdie „aandrukstelsel“ in haar jaarverslag en verklaar dat dit nog nooit 'n kind in sy opvoeding gehelp het nie. Sy vertel ook van 'n proefneming wat 'n paar jaar tevore deur 'n aantal skoolhoofde gedoen is om leerlinge nie langer as twee jaar in die substanderds en standaard I saam te laat bly nie. Verskeie skoolhoofde het haar verseker dat dit nie goeie resultate opgelewer het nie, want toe dié leerlinge in substanderds III en IV kom, het dit geblyk dat hulle nie dieselfde standaard bereik het as leerlinge wat twee jaar in die substanderds was nie.<sup>7)</sup> Meer as 'n kwarteeu na dr. Viljoen se pogings tot „speeding up“ wys Gunter<sup>8)</sup> nog op die ernstige probleme wat geskep word deurdat daar in Kaaplandse skole in dieselfde kindertuinklas kinders van

5) Drake, C. Resente ontwikkelinge in kleinkinderonderwys en hul verband met die werk van die primêre skool. Die Onderwysgasct, 22:350, 15 Febr. 1923.

6) Van Zyl, H.E., op. cit., p. 205. Sien ook S.G.O.-verslag, 1919, p. 6.

7) S.G.O.-verslag, 1926, p. 116.

8) Gunter, C.F. Die organisasie van ons skoolstelsel en leerplanne. Voorsittersrede op die S.A.O.U.-Kongres, 1949. Die Unie, 44:239, Mei 1949.

vyf, ses en sewe jaar oud aangetref word. . . . Hoewel hierdie ouderdomsverskil van twee jaar by die beginnertjies opvallend groot is, is hulle almal beginners en, wat die skool betref, word hulle vir alle praktiese doeleindes aan dieselfde beginners-leerprosesse onderwerp.

### 3. Wenke vir onderwysers(-esse).

Die Onderwysdepartement het in 1923 'n handboek uitgegee wat wenke in verband met al die skoolvakke bevat. Een van die dertien artikels in die verskillende hoofstukke handel oor kleinkinderskoolmetodes en is in die volgende vyf afdelings onderverdeel:<sup>9)</sup>

- (1) De studie van Taal en de beginselen van Letterkunde en Geschiedenis.
- (2) De studie van Getal.
- (3) Natuurstudie, met inbegrip van de beginselen van Aardrijkskunde.
- (4) Handewerk.
- (5) Muziek, Rijthme en Lichaamsoefeningen.

Volgens die samestellers van die „Wenken" is bogenoemde vyf groepe onderling verbind en behoort só behandel te word dat hulle mekaar aanvul.

Die Superintendent-generaal van Onderwys wys in sy verslag daarop dat al die artikels in die eerste plek in die Onderwysgaset verskyn het en meld dat die handboek op die lees van 'n soortgelyke uitgawe deur die Raad van Onderwys in Engeland geskoei is.<sup>10)</sup> Dieselfde S.G.O.-verslag bevat 'n bespreking van die handboek deur die Inspekteur van Opleidingskolleges en -skole. Hy noem dit 'n sistematiese en gesamentlike poging om skoolmetodes in verband te bring met spesiale toestande in Suid-Afrika en spreek die mening uit dat dit vir sowel onderwysers

---

<sup>9)</sup> De primaire school: wenken ter overweging van onderwysers, 1923, p. 354.

<sup>10)</sup> S.G.O.-verslag, 1923 en 1924, p. 31.

(-esse) as studente 'n waardevolle gids sal wees.<sup>11)</sup>

Die wenke oor kleinkinderskoolmetodes in bogenoemde handboek word afgesluit<sup>12)</sup> met 'n paragraaf waarin daarop gewys word dat wat voorafgegaan het, slegs wénke vir metodes is en nie bedoel is om slaafs en sonder insig uitgevoer te word nie. Elke onderwyseres het haar eie metodes; sy aanvaar wenke, assimileer hulle en bring ander daaruit voort. Vir 'n onderwyseres wat aldus te werk gaan, is daar oneindig veel geleentheid vir oorspronklikheid as sy met die gees van ware opvoeding besiel is. Geen wenke kan ooit 'n onderwyseres vrystel van die plig om haar eie menings en oordeel te laat geld nie. Sy moet altyd persoonlike kennis van, en innige belangstelling in, elke kind hê wat aan haar sorg toevertrou is; daarsonder sal haar onderwys nooit heeltemal suksesvol kan wees nie.

#### 4. Die gehalte van die onderwys.

In haar verslag oor die twee jaar 1923 en 1924 meld mej. Drake dat leesonderrig werklik vordering toon. Sy skryf dit hoofsaaklik aan die toesending van goeie storieboekies aan die skole toe en verklaar dat baie van die substanderd B-leerlinge dit geniet om te lees. 'n Ander vak waarin sy goeie vordering opgemerk het, is Rekenkunde. Volgens haar het die meeste kindertuinonderwyseresse eindelik oortuig geraak dat Rekenkunde as iets prakties geleer moet word; vandaar dat hulle heelwat nuttige hulpmiddels vervaardig en daardeur bewys dat die onderwys van hierdie vak in die regte rigting voortgaan.<sup>13)</sup>

Aan die einde van 1935 maak 'n ander kindertuininstruktrise, mev. M. de Villiers, ook melding van mooi vordering ten opsigte van lees en getalwerk. Wat lees betref, het die sinsmetode deur „kyk-en-sê”, waarmee daar

11) Ibid., p. 71.

12) Loc. cit., p. 394. Sien ook Die Onderwysgaset, 21:398, 16 Maart 1922; en 27:412, 26 Apr. 1928.

13) S.G.O.-verslag, 1923 en 1924, p. 153.

etlike jare tevore al begin is,<sup>14)</sup> volgens mev. De Villiers bepaald daartoe bygedra om die aanvangslesse in lees te vereenvoudig en, aangesien die meeste moderne leesboeke op hierdie metode gebaseer is, word die werk van die onderwyseres aanmerklik vergemaklik. In verband met getalwerk skryf mev. De Villiers dat daar besef word „dat die aanvang gemaak moet word deur die hantceer van sintuiglike voorwerpe; so word persepsie omgesit in konsopsie en dit lei geleidelik tot 'n begrip van die abstrakte.“<sup>15)</sup>

Omstreeks die jare 1925 - 1930 is besondere nadruk op taalonderrig gelê en albei die kindertuininstruktrises wy betreklike groot gedeeltes van hul verslae oor die twee jaar 1927 en 1928 aan 'n bespreking van die onderrig van die leerlinge se tweede taal. Mej. Drake skrywe dat dit raadsaam is om die onderwys van die tweede taal in die substanderds te beperk tot mondelinge werk, en leesonderrig in die tweede taal uit te stel tot standerd I. Mej. Tismeer wei in haar verslag uit oor die wyse waarop die tweede taal in die substanderds aangeleer word. Waar sy daarop wys dat die lesse baie oninteressant is omdat die kinders na stereotiepe vrae moet luister en verwag word om stereotiepe antwoorde daarop te gee, stem haar opmerking ooreen met wat vandag nog dikwels in inspeksioverslae oor tweede taalonderrig voorkom! Volgens mej. Tismeer word die tweede taal op 'n onnatuurlike wyse in die skool geleer, nie soos in die geval van 'n babetjie wat eers voldoende tyd kry om te luister voordat hy begin praat nie.<sup>16)</sup> Mej. E.M. Olivier kla in haar verslag wat in 1951 gepubliseer is, dat daar dikwels 'n gebrek aan samehang is in die mondelinge werk in die tweede taal wat in substanderds A en B en standerd I gedoen word. Sy doen aan die hand dat 'n gegradeerde werkplan opgestel en deur die onderwyseresse

14) Vgl. S.G.O.-verslag, 1927 en 1928, p. 186.

15) S.G.O.-verslag, 1934 en 1935, p. 119.

16) S.G.O.-verslag, 1927 en 1928, p. 186 - 188.

gevolg word, sodat oorvleueling van werk en weglating van noodsaaklike aspekte vermy kan word.<sup>17)</sup>

In haar verslag oor die twee jaar 1934 en 1935 meld die kindertuininstruktrise dat daar by skrif losgebreek is van die verouderde reëls en dat die kinders aangemoedig word „om hul vryelik uit te druk deur middel van grafiese tekens in die vorm van krabbeltekeninge.“ Wat die inhoudsvakke betref, word gunstig gerapporteer oor die metodes wat gevolg word, en in verband met natuurstudie word spesiale melding gemaak van daadwerklike pogings wat aangewend word om die lesse op die natuur self te baseer en om die leerlinge se belangstelling te wek.<sup>18)</sup>

Dit is al baie jare nie meer gebruiklik dat verslae van kindertuininspektrises as deel van 'n S.G.O.-verslag gepubliseer word nie. In 1951 en 1954 is sodanige verslae nog in die Onderwysgaset gepubliseer en in albei die gevalle is daar baie gunstig oor die kindertuinwerk gerapporteer. In 1951 meld mej. E.M. Olivier dat daar 'n opvallende verbetering in die algemene peil van die werk in kindertuinklasse is waar die onderwyseres aan elke individuele kind aandag kan skenk, en dat daar in baie skole doeltreffende onderrig gegee en uitmuntende werk gelewer word.<sup>19)</sup> Die verslag wat in 1954 gepubliseer is, is deur mejj. E.M. Olivier en S.I. la Grange gesamentlik opgestel en daarin word verklaar dat dit 'n genot is om die gesedrif te sien waarmee die kleinkinderskoolonderwyseresse besiel is. Waardering word uitgespreek teenoor die leerkragte wat nie in kindertuinmetodes opgelei is nie, getroude onderwyseresse en diegene wie se opleiding ietwat verouderd is, vir hul geredelike aanpassing aan die moderne metodes van onderrig.<sup>20)</sup>

---

17) Die Onderwysgaset, 50:2130, 8 Nov. 1951.

18) S.G.O.-verslag, 1934 en 1935, p. 119 - 120.

19) Die Onderwysgaset, 50:2129, 8 Nov. 1951.

20) Die Onderwysgaset, 53:1487, 2 Sept. 1954.

5. Skoolure.

Veral toe daar nog in byna al die skole 'n voormiddag- én 'n namiddagssessie was, het dit dikwels gebeur dat kindertuininspektrises moes waarsku teen die nadelige gevolge wat 'n alte lang skooldag vir klein kindertjies kon hê.

Mej. Tismeer het in 1926 daarop gewys dat die skool-sessies in sommige skole nie altyd bevorderlik is vir die gesondheid van die kinders nie en dikwels te uitputtend is. Sy het dit afgekeur dat kindertuinleerlinge, nadat hulle in die voormiddag vier uur lank skoolgegaan het, in die namiddag moes teruggaan skool toe en dit na 'n pouse van slegs  $1\frac{1}{2}$  uur, waarin hulle moes huis toe stap, die middagete nuttig en terugstap skool toe.<sup>21)</sup>

Byna 'n kwarteeu later, in 1950, het mej. E.M. Olivier dit ook nog betreur dat 'n aantal kindertjies vir 'n namiddagperiode en in sommige gevalle feitlik die hele dag op skool gehou word. „Dit sal op prys gestel word as skoolure só gereël kan word dat die kindertuin-klasse slegs in die oggend gehou word.“<sup>22)</sup>

Die posisie is tans dat elke skool op elke skooldag minstens vyf uur oop moet wees vir die doel om onderrig te gee aan die leerlinge wat daarin ingeskryf is, tensy die Departement in spesiale omstandighede 'n korter tydperk goedkeur.<sup>23)</sup> Een van die gevalle waar 'n korter tydperk goedgekeur word, is ten opsigte van leerlinge in substanderds A en B. Eers is bepaal dat kinders in die kindertuin stadium en die oorgang stadium, m.a.w. in substanderds A en B, nie langer as  $3\frac{1}{2}$  uur per dag mag skoolgaan nie, maar dié bepaling is in 1961 gewysig en lui nou soos volg: „Kinders in die kindertuin- en oorgang stadium moet normaalweg nie minder as  $3\frac{1}{2}$  uur per dag onderrig ontvang nie.“<sup>24)</sup>

21) S.G.O.-verslag, 1926, p. 109.

22) Die Onderwysgaset, 50:2130, 8 Nov. 1951.

23) Vgl. art. 229 van Ordonnansie nr. 20 van 1956.

24) Die laerskool: inleiding tot die leerplanne en wenke by die onderwys, deel I, 4de dr. 1963, p. 7 en p.18.



6. Die tekort aan opgeleide kindertuinonderwyseresse.

Die opleiding van kindertuinonderwyseresse waarmee daar in 1900 in Kaapland begin is, het, soos ons in hoofstuk III aangetoon het, vinnig uitgebrei; tog kon daar nie genoeg kandidate vir die vakante betrekkinge verskaf word nie.

Volgens mej. Drake se 1919-verslag is vordering ten opsigte van kindertuinwerk veral deur die volgende twee faktore verhinder:

- (i) Die moeilikheid wat ondervind is om bevoegde instruktresses in die opleidingskolleges en as hoofde van die kleinkinderafdelings in die oefenskole te kry.
- (ii) Die moeilikheid wat ondervind is om ten volle gekwalifiseerde onderwyseresse vir die kleinkinderskole te kry.

Mej. Drake het die ontstaan van dié twee probleme hoofsaaklik toegeskryf aan die feit dat die meeste kindertuinonderwyseresse voor die einde van hul vierde jaar in die onderwys gaan trou.<sup>25)</sup>

Drie jaar later rapporteer mej. Tismeer ook dat daar 'n groot behoefte bestaan aan onderwyseresse wat spesiaal vir kleinkinderskoolwerk opgelei is. Volgens haar het die ondervinding geleer dat onderwyseresse sonder sodanige opleiding, hoe hard hulle ook al probeer, nie welslae behaal met kindertuinwerk nie.<sup>26)</sup>

Die S.G.O. kon in sy verslag oor die twee jaar 1948 en 1949 meld dat daar in die eerste kwartaal van 1949 'n aanmerklike vermeerdering was in die aantal studente wat hul laat inskrywe het vir die Hoër Primêre Kursus vir opleiding as onderwyseresse vir die kleinkinderskool. Hy het egter bygevoeg dat 'n toenemende aantal van dié leerkragte later betrekkinge as onderwyseresse van Spesiale Klasse sou aanvaar.<sup>27)</sup>

25) S.G.O.-verslag, 1919, p. 45.

26) S.G.O.-verslag, 1922, p. 129.

27) S.G.O.-verslag, 1948 en 1949, p. 37.

In hul verslae oor 1950 verwys albei die kindertuin-inspektrises na die ernstige tekort aan kindertuinonderwyseresse. Mej. E.M. Olivier meld dat feitlik tweederdes van die onderwyseresse wat op plattelandse dorpe in kindertuinklasse onderwys gee, nie vir dié werk gekwalifiseerd is nie, terwyl mej. A.W. Read in haar verslag melding maak van die „teensin“ onder studente om die Kleinkinderskoolkursus aan opleidingskolleges te volg.<sup>28)</sup>

Tot op die huidige dag is die toevoer van behoorlik opgeleide kindertuinonderwyseresse in Kaapland ontoereikend. Daar kon ongelukkig nie amptelike gogewens verkry word nie, maar die skrywer se ondervinding as inspekteur van skole op verskillende plekke in Kaapland staaf mej. E.M. Olivier se bewering in haar 1950-verslag<sup>29)</sup> dat nagenoeg tweederdes van die onderwyseresse wat vir kindertuinklasse onderwys gee, nie spesiale opleiding vir dié werk gehad het nie. Dit word ook bevestig deur die antwoorde op vrae in 'n vraelys wat die skrywer in November 1964 van leerkragte in Noord-Kaapland terugontvang het.<sup>30)</sup> Daarvolgens was slegs 106 van die 306 leerkragte, d.w.s. 34.6%, gekwalifiseerde kindertuinonderwyseresse.

#### 7. Die opleiding van kindertuinonderwyseresse.

Soos uit die paragrawe hierbo blyk, was daar nog al die jare 'n ernstige tekort aan opgeleide kindertuinonderwyseresse in Kaapland. Daar is egter aanduidings dat die toestand binne afsienbare tyd aanmerklik sal verbeter, soos ook aangetoon word deur tabel I, wat die jongste beskikbare gogewens bevat:

28) Die Onderwysgaset, 50:2130-2131, 8 Nov. 1951.

29) Vide supra.

30) Sien hoofstuk VI, p. 110, tabel 9.

TABEL I

TOENAME IN DIE AANTAL OPGELEIDE KINDERTUINONDERWYSERESSE

Jaar	Aantal onderwysers
1959	88
1960	115
1961	121
1962	125
1963	151

Die gegewens in tabel I is uit S.G.O.-verslae verkry<sup>31)</sup> en toon die aantal onderwysers aan wat elke jaar in al die betrokke Kaaplandse opvoedingskolleges saam die Klein-kinderskoolonderwyserssertifikaat (K.O.S.) verwerf het. Uit dié gegewens blyk dat daar gedurende die afgelope vyf jaar 'n gestadige vermeerdering was in die aantal kandidate wat die eksamen met goeie gevolg afgelê het.

Sedert Januarie 1965 kan studente hulle in al sewe die bestaande opvoedingskolleges in Kaapland vir kindertuin-onderwyseresse bekwaam.

Op die S.A.T.A.-Kongres wat in 1962 gehou is, is 'n beskrywingspunt aangeneem waarin die Departement versoek word om die K.O.S.-Kursus tot twee jaar te verleng ná 'n eenjarige algemene opvoedingskursus (in plaas van die bestaande stelsel, waarvolgens die algemene kursus twee jaar duur, gevolg deur 'n eenjarige K.O.S.-kursus). Die S.A.O.U. het die S.A.T.A. ten opsigte van dié beskrywingspunt gesteun, ofskoon die S.A.O.U. eintlik ten gunste van 'n driejarige opvoeding vir alle primêre onderwysers (-esse) is en voorts ten gunste daarvan is dat gedéeltelike spesialisasie in die tweede jaar van die kursus 'n aanvang neem. Aangesien die Departement toe nog ooreweging daaraan geskenk het om 'n minimum opvoeding van drie jaar vir alle onderwysers(-esse) verpligtend te maak, was die S.G.O. se antwoord op die beskrywingspunt slegs:

<sup>31)</sup> S.G.O.-verslae, 1959, p. 16; 1961, p. 19; 1962, p. 20; en 1963, p. 63.

„The whole matter of compulsory three year training is now under consideration.“<sup>32)</sup>

Van 1966 af sal die opleiding van kindertuinonderwyseresse in Kaapland bestaan uit een jaar algemene opleiding, gevolg deur twee jaar opleiding vir kindertuinwerk.<sup>33)</sup>

#### 8. Kindertuininspektrises.

Daar was baie jare lank<sup>34)</sup> twee kindertuininstruktrises in Kaapland. Op die S.A.O.U.-Kongres wat in 1952 plaasgevind het, is 'n beskrywingspunt aangeneem waarin die Onderwysdepartement versoek word om die aantal te vermeerder. Die S.G.O. het egter geantwoord: „Onder huidige omstandighede sien ek nie kans om meer kindertuininspektrises aan te stel nie.“<sup>35)</sup> Binne die volgende twee jaar het daar tog 'n vermeerdering plaasgevind, want in die S.G.O.-verslag oor die twee jaar 1954 en 1955 verskyn die name van vier kindertuininspektrises.<sup>36)</sup> Enkele jare later is die aantal inspektrises met nog twee vermeerder, sodat daar sedert Januarie 1959 ses kindertuininspektrises in Kaapland is.<sup>37)</sup>

Omdat die benaming „instrukteur(-trise)“ aanvanklik in verband met spesiale vakke (soos Naaldwerk, Liggaamlike Opvoeding, Teken en Kuns) gebruik is, is dit ook in die geval van Kleinkinderskoolmetodiek gebruik toe die eerste dame vir hierdie werk aangestel is. In 1938 is dit vervang deur „inspekteur(-trise)“<sup>38)</sup> en van 1959 af is die

32) Die Unie, 60:20, Julie 1963.

33) Brief gedateer 1 Junie 1965 ontvang van mnr. C.R. Venter, Hoofinspekteur van Skole, Kaaplandse Onderwysdepartement.

34) Van 1903 af, soos gemeld in hoofstuk III. In die S.G.O.-verslag vanaf 1930 tot en met 1940 word daar egter telkens net een kindertuininstruktrise se naam aangegee.

35) Die Unie, 48:245, Mei 1953.

36) S.G.O.-verslag, 1954 en 1955, p. 63.

37) S.G.O.-verslag, 1958, p. 39.

38) Sien S.G.O.-verslag, 1938, p. 10 en p. 124.

betrokke amptenare organisêrers(-sters) genoem, maar sedert 1964 word hulle weer inspekteurs(-trises) genoem. Daar is tans vyf inspektrises en een inspekteur van Kleinkinderskoolmetodiek in Kaapland.

9. Die kwota leerlinge per kindertuinonderwyser(-es).

Ingevolge art. 80 van Ordonnansie nr. 20 van 1956 word die getal onderwysers wat in 'n skool in diens geneem word, van tyd tot tyd deur die Onderwysdepartement bepaal. Vandat dié ordonnansie op 1 Januarie 1957 in werking getree het, geld die volgende ten opsigte van laerskole en die primêre afdelings van middelbare en hoërskole: twee leerkragte word toegestaan as daar minstens 25 leerlinge ingeskryf is, plus een leerkrag vir elke addisionele 35 leerlinge wat ingeskryf word.<sup>39)</sup> Dieselfde regulasie geld vir voorbereidingskole en die kindertuinafdelings van laer-, middelbare en hoërskole. Dit kom daarop neer dat in enige skool met twee of meer leerkragte (die hoof bygereken) daar 'n addisionele leerkrag toegestaan word vir elke addisionele 35 leerlinge wat ingeskryf word.

Op die S.A.O.U.-Kongres wat in 1940 plaasgevind het, is 'n beskrywingspunt aangeneem waarin die Departement versoek word om sodra „die getal leerlinge in die substanderds meer as 30 is, 'n addisionele assistente aan te stel sonder dat die skool se kwota daardeur benadeel word.“ Die S.G.O. se antwoord was: „Die basis waarop skole van personeel voorsien word, is die beste wat onder omstandighede moontlik is, en dit spyt my dat daarvan nie afgewyk kan word nie.“<sup>40)</sup>

Op die 1946-Kongres van die S.A.O.U. is die Departement gevra om, wat die kwota betref, substanderds A en B en standaard I as 'n aparte eenheid in die skool („Kleinkinderskool-eenheid“) te erken en onmiddellik 'n addisio-

39) Maurice, E.L. & Kies, B.M. Die onderwysordonnansie (no. 20, 1956) met annotasies, p. 77 en 79.

40) Die Unie, 36:304, Apr. 1941.

nele leerkrag toe te staan sodra die getal leerlinge in 'n kleinkinderskoolklas die kwota oorskry.<sup>41)</sup> In 1948 is 'n beskrywingspunt aangeneem waarin die S.A.O.U. se versoek op nagenoeg dieselfde neerkom, naamlik „dat die voorbereidende afdeling van die primêre skool (subst. A tot st. II) as 'n aparte eenheid vir personeelvoorsiening beskou moet word.“ Die S.G.O. was die versoek simpatiekgesind, maar kon nie daaraan voldoen nie: „Die Uitvoerende Komitee het besluit om hierdie voorstel voorlopig agterweë te hou. Ek koester nog die hoop dat uitvoering daaraan gegee sal word.“<sup>42)</sup>

In 'n artikel in „Die Unie“ van 1 September 1950 bespreek W.A. Joubert die tekort aan kindertuinonderwyseresse. Hy skryf hierdie tekort in die eerste plek toe aan die „oorweldigende getalle waarmee die juffrou moet swoeg“ deurdat jong onderwyseresse dikwels 50 of meer leerlinge in hul klasse het en dit onmoontlik vind om die metodes wat hulle op kollege geleer het, toe te pas.<sup>43)</sup> Drie maande later pleit mej. F. Grobler, na aanleiding van Joubert se artikel, ook vir 'n verlaging van die kwota leerlinge per kindertuinonderwyseresse. Sy wys daarop dat 'n klein kindjie baie individuele aandag wil hê en laat dan volg: „'n Klein kindjie word langeslaan wanneer hy telkemale in 'n hoë stemmetjie regmatig om sy Juffrou se aandag smeek in 'n groot klas van vyftig tot sestig leerlinge -- om elke maal gefop uit te kom, want Juffrou is só besig.“<sup>44)</sup>

Jare later het G. Stander dit nog sterker gestel in 'n lesing voor die Kindertuingroep op die S.A.O.U.-Kongres van 1963: „'n Goeie kindertuinonderwyseresse is haar gewig in goud werd, maar om haar met 35+ leerlinge te belastig, is 'n opvoedkundige misdad teenoor die kind ten tyde van sy eerste wankelende skoolskredes.“<sup>45)</sup>

41) Die Unie, 42:46, Aug. 1946.

42) Die Unie, 44:175-176, Febr. 1949.

43) Joubert, W.A. Die kleinkinderskool. Die Unie, 46:64, Sept. 1950.

44) Grobler, F. Die kleinkinderskool. Die Unie, 46:132, Des. 1950.

45) Stander, G. Skoolrypheid en groepering in die kindertuin. Die Unie, 60:145, Sept. 1963.

Dit is al baie jare dat die S.A.O.U. feitlik jaarliks op sy kongresse 'n beskrywingspunt aanneem waarin die Onderwysdepartement versoek word om die kwota leerlinge per kindertuin-leerkrug op 25 vas te stel.<sup>46)</sup> Die antwoord van die S.G.O. was nog altyd dat hy nie kans sien om aan hierdie versoek te voldoen nie. Dr. G.J.J. Smit, wat in Oktober 1964 diens aanvaar het as S.G.O., het hom, in antwoord op die S.A.O.U.-Kongres se 1964-besluite insake die kwota leerlinge per leerkrug, bereid verklaar om die aangeleentheid te laat ondersoek (dit geld egter nie net vir die kindertuin nie):

Ek is bereid om 'n komitee met onderwysersverteenvoordiging aan te stel om die huidige basis van personeelvoorsiening aan skole te hersien met die oog op moontlike verbeterings in dié rigtings waar verligting noodsaaklik is. Teen die agtergrond van 'n algemene tekort aan leerkrugte kan verbeterings op groot skaal en wye terrein egter nie verwag word nie.<sup>47)</sup>

Met ingang van 1 Januarie 1966 sal daar 'n kwotavermindering wees. Volgens 'n aankondiging deur die Administrateur van Kaapland op 23 November 1965, sal die aanstelling van 'n tweede onderwyser(es) in 'n laerskool oorweeg word as daar 22 leerlinge is, in plaas van 25, soos voorheen.

Voorts sal 'n derde leerkrug aangestel kan word as daar 45 leerlinge is (in plaas van 60, soos tot dusver) en sal die aantal leerlinge wat vier of meer onderwysers regverdig, in elke geval 15 minder wees as voorheen. Daar word vertrou dat die kwotavermindering „'n vermindering van die getal leerlinge in die kindertuinklasse moontlik sal maak.“<sup>48)</sup>

#### 10. Die persentasie leerlinge in die kindertuinklasse.

Ten einde vas te stel of die persentasie leerlinge in die kleinkinderklasse in verhouding tot al die ingeskrewe leerlinge in Kaaplandse skole sedert die begin van die huidige eeu verander het, word die toestand gedurende 1900 - 1904 (die eerste vyf jaar van die eeu) in tabel 2 vergelyk met die toestand gedurende 1959 - 1963 (die vyf jaar waarvoor

TABEL 2.

VERGEELYKING TUSSEN DIE PERSENTASIE BLANKE LEERLINGE  
IN KLEINKINDERKLASSE IN 1900-1904 EN IN 1959-1963.

1 Jaar	2 Substanderds	3 Standerd I
1900	30.6	13.3
1901	31.1	13.1
1902	32.9	13.2
1903	32.4	12.6
1904	33.0	12.5
Gemiddeld vir 1900-1904 (49)	32.0	12.9
1959	19.9	9.5
1960	20.1	9.6
1961	20.2	9.7
1962	20.1	9.8
1963	20.0	9.9
Gemiddeld vir 1959-1963 (50)	20.1	9.7

Uit kolom 2 in tabel 2 blyk: (i) dat tussen 30.6% en 33% (gemiddeld presies 32%) van al die blanke leerlinge in Kaaplandse skole gedurende die vyf jaar 1900-1904 in die twee substanderds was; (ii) dat gedurende die vyf jaar 1959-1963 slegs 19.9% tot 20.2% (gemiddeld 20.1%) van al die blanke leerlinge in die substanderds was.

Uit kolom 3 blyk: (i) dat tussen 12.5% en 13.3% (gemiddeld 12.9%) van al die leerlinge gedurende 1900-1904 in standerd I was; (ii) dat tussen 9.5% en 9.9% (gemiddeld 9.7%) van al die leerlinge gedurende 1959-1963 in standerd I was.

In die geval van sowel die substanderds as standerd I toon die syfers in tabel 2 aan wat verwag kon word, naamlik dat daar tans 'n kleiner persentasie leerlinge in die substanderds (veral) en in standerd I sal wees as aan die begin van die eeu. Vandat leerplig ingestel is en namate

49) Uit S.G.O.-verslae (verwerk), 1900, p. 138b; 1901, p. 146b; 1902, p. 143b; 1903, p. 147b; 1904, p. 147b.

50) S.G.O.-verslae, 1959, p. 53; 1960, p. 50; 1961, p. 62; 1962, p. 64; 1963, p. 53.



die Suid-Afrikaanse volk ontwikkel het en met verloop van tyd al hoe meer die waarde van hoër onderwys besef het, het die kinders langer op skool gebly as vroeër; gevolglik is die persentasie leerlinge aan die begin van die skoolkursus (in die substanderds en in standaard I) heelwat laer as 60 jaar gelede.